## AFDELING A

## LEESBEGRIP

- Geen penalisering vir spel- en taalfoute nie.
- Geen penalisering waar antwoorde nie in volsinne geskryf is nie.
- Geen penalisering indien die antwoord in meer as een sin aangebied word nie.
- Spesifieke opdragte,bv. **EEN WOORD**, moet uitgevoer word.
  Die kandidaat mag die een woord in 'n sin aanbied:
  Die een woord is ...
  Die woord wat vir ons sê, is ...
  (Die woord wat die kandidaat aanbied, moet "uitgelig" word.)
- Geen penalisering indien aanhalingstekens in aanhalings ontbreek nie.
- Waar/ Onwaar vrae:
  eerste deel korrek en motivering verkeerd / motivering ontbreek (1)
  eerste deel verkeerd en motivering korrek (0)

## VRAAG 1

DEPT. VAN ONDERWYS
2007 -03- 07
PRETORIA
DEPT. OF EDUCATION

## INTERNETTEKS

1.1 om sonder geld te wees. (1)

1.2
- meer mense sal 'n goeie skoolopleiding kry
- ons sal meer opgeleide mense hê
  (Enige EEN) (1)

1.3.1
- Onwaar (1)
- Vir mense wat sukkel om aan die lewe te bly, is die laaste ding waaraan hulle dink, om netjies te wees. (1) (EEN SIN) (2)

1.3.2
- Onwaar (1)
- In Suid-Afrika het ons sulke mense baie nodig. (1) (EEN SIN) (2)

1.3.3
- Onwaar (1)
- Regoor die wêreld is daar mense sonder geld. (1) (EEN SIN) (2)

1.4 hy skep / maak werk vir ander / gee werkloses kans om geld te verdien (1)

1.5 ons moet mense se omstandighede beter maak (1)

1.6 as mense trots is op hulleself (1)

1.7
Deur die arm mense rondom ons
- te verstaan (1) en
- lief te hê (1) (2)

1.8
- hard(e) werk (1) en
- eerlik wees / eerlikheid (1) (2)

**[15]**

**VRAAG 2**

**ADVERTENSIE**

2.1
- om mense trots te maak op Suid-Afrika
- om pryse te wen

(Enige EEN) (1)

2.2 *Huisgenoot* (1)

2.3 enige Suid-Afrikaanse toneel (1)

2.4.1 Casio (1)
2.4.2 Samsung (1)

2.5 R2 000 / kontant / geld (1)

2.6 (jy moet dit) pos / stuur aan die adres (soos gegee) (1)

2.7
- dis 'n kans vir gewone mense om hulle talente te wys (1)
- professionele mense kan dalk te maklik wen (1) (2)

2.8 kinders jonger as dertien / 13 jaar (kan 'n prentjie teken) (1)

2.9
- sê waar die foto geneem is (1)
- 'n titel gee (1) (2)

2.10 (prente / iets) teken (1)

**[13]**

DEPT. VAN ONDERWYS
2007 -03- 07
PRETORIA
DEPT. OF EDUCATION

## VRAAG 3

## STROKIESPRENT / DIALOOG

3.1 by mev. Pieterse (se kinders) / by hulle vriende se huis / by die bure (1)

3.2

- sy wil alleen wees
- sy wil rus
- sy gaan (wil) in 'n lekker bad lê

(Enige TWEE) (2)

3.3 die kinders baklei / skree / raas / huil (of soortgelyk) (1)

3.4 Carol bel haar buurvrou terwyl Carol weet dat haar buurvrou in die bad is / om haar buurvrou te pla (1)

3.5

- die kinders trek warm musse / jasse / serpe aan
- sy sê: "Brrr... dis koud."
- jy kan sien die buurvrou kry koud
- dit sneeu
- die stoom trek uit die warm water

(Enige TWEE) (2)

**[7]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

DEPT. VAN ONDERWYS
2007 -03- 07
PRETORIA
DEPT. OF EDUCATION

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 4: JY WIL VEILIG WEES: WAT JY NIE MOET DOEN NIE

DEPT. VAN ONDERWYS
2007 -03- 07
PRETORIA
DEPT. OF EDUCATION

### RIGLYNE VIR NASIEN VAN OPSOMMING

Die opsomming word TWEE keer gelees.
- Vir feite en taalfoute
- Vir direkte aanhalings en onvolledige sinne

**Feite**:
- Sien eerste sewe sinne inhoudelik na.
- Regmerkie bokant elke hoofgedagte.
- Slegs een hoofgedagte per sin word nagesien.
- Indien geen hoofgedagte inhoudelik reg is nie, kry die kandidaat nul vir getal woorde.

**FEITE (H)**

| Feite korrek | Maksimum Taalpunt(e) |
|---|---|
| Geen feite korrek nie | Maksimum taalpunt: 0 |
| Een tot drie feite korrek | Maksimum taalpunt: 1 |
| Vier en meer feite korrek | Maksimum taalpunte: 2 |

- ✓ Leesteken- en spelfoute word nie gepenaliseer nie.
- ✓ Taalfoute word net in korrekte feite gepenaliseer.
- ✓ Kandidate word net een keer vir elke soort fout gepenaliseer.

**TAAL**

| | Penaliseer van totaal |
|---|---|
| Twee tot drie taalfoute | -1 |
| Meer as drie taalfoute | -2 |

**TIPIESE TAALFOUTE**

| | |
|---|---|
| Woordorde in enkelvoudige sin | Dubbele negatief |
| Omgekeerde woordorde | Lydende vorm |
| Direkte vertaling (moedertaalinvloed) | Voornaamwoorde |
| Woordorde in saamgestelde sinne | Infinitief |
| (Groep 1, Groep 2, Groep 3) | Tyd, wyse, plek |

**DIREKTE AANHALING (A)**

| Direkte aanhalings/nie eie sinne nie | Penaliseer van totaal |
|---|---|
| Een tot drie direkte aanhalings | -2 |
| Vier en meer direkte aanhalings | -3 |

**NIE VOLSINNE NIE (V)**

| Nie sinne nie | Penaliseer van totaal |
|---|---|
| Twee tot drie antwoorde nie in sinne nie | -2 |
| Vier en meer antwoorde nie in sinne nie | -3 |

**Neerskryf van punte**

| | | PUNT | |
|---|---|---|---|
| Getal feite korrek | F | 7 | Maks = 7 |
| Taalfoute | T | 2 | Maks = 2 |
| Woorde nie aangedui nie/ oorskry | W | 1 | Maks = 1 |
| **Subtotaal** | | 10 | |
| Direkte aanhalings | A | -2 | Maks = - 3 |
| Nie volsinne nie | V | -2 | Maks = - 3 |
| **TOTAAL minus (A of V)** | **10-4** | **4** | |

**Voorbeeld:**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Maak seker dat jou huis en besittings **is veilig** | ✓ | T |
| 2. Kry iemand wat jy kan vertrou om jou ligte aan en af te skakel. | ✓ | A |
| 3. Bose (sp.) en bome langs die huis moet geknip word. | ✓ | |
| 4. Iemand jou pos verwyder. | ✓ | V |
| 5. As jou venster oop is, kan diefwering items gryp. | x | |
| 6. Weet jou bierman daar is fout. | x | |
| 7. Jy moet sleutels veilig bêre. (en opgeleide honde buite laat slaap.) (62 woorde) | ✓ | |

| | | PUNT |
|---|---|---|
| Getal feite korrek | F | 5 |
| Taalfoute | T | 0 |
| Woorde nie aangedui nie / oorskry | W | 1 |
| **Subtotaal** | | 6 |
| Direkte aanhalings | A | 0 |
| Nie volsinne nie | V | 0 |
| **TOTAAL minus (A of V)** | **6-0** | **6** |

DEPT. VAN ONDERWYS
2007 -03- 07
PRETORIA
DEPT. OF EDUCATION

- Die klem val hier op die **donkergedrukte** hoofgedagtes en **NIE** op die **moontlike verwerking** van die teks **NIE**.
- **Enige SEWE van die volgende TWAALF hoofgedagtes:**

| **Direkte aanhalings uit teks** | **Moontlike verwerking** |
|---|---|
| 1. Rowers hou van winkels waar hulle maklik van die parkeerterrein tot by die winkel kan kom. Dan kan hulle weer maklik uitglip. Wees versigtig naby hierdie winkels. | Moenie naby die **ingange van winkels** parkeer nie. |
| 2. Rowers hou veral van Sondagmiddae, omdat daar ná 'n naweek baie geld in die winkels is. | Moenie **Sondagmiddae** winkels besoek nie. |
| 3. Die meeste rooftogte vind plaas net voor oopmaaktyd en net na toemaaktyd. Wees versigtig rondom hierdie tye. | Wees versigtig rondom **oopmaaktyd** en **toemaaktyd.** |
| 4. Hou jou oë en ore oop. Jy moenie toelaat dat rowers sien wat jy gekoop het nie. | Moenie dat die rowers **sien wat jy gekoop het nie.** |
| 5. Vrouens moet seker maak dat hulle handsakke reg toegemaak is. | Maak seker jou **handsak** is reg **toe**. |
| 6. Moenie 'n handsak oor 'n stoel hang of 'n selfoon op 'n tafel voor jousit terwyl jy in 'n restaurant eet nie. | Moenie jou **handsak oor die stoel** laat hang nie. |
| 7. Moenie 'n handsak oor 'n stoel hang of 'n selfoon op 'n tafel voor jou sit terwyl jy in 'n restaurant eet nie. | Moenie **'n selfoon** op die tafel neersit nie. |
| 8. Twee belangrike dinge: moet nooit met 'n rower praat nie en moet hom nooit in die oë kyk nie! | Moenie **terugbaklei** nie. . |
| 9. Twee belangrike dinge: moet nooit met 'n rower praat nie en moet hom nooit in die oë kyk nie! | Moenie met die rower **praat** nie. |
| 10. Dit is baie belangrik om nie terug te baklei as 'n rower jou aanval nie. Gee hom wat hy vra. Niks wat jy het, is belangriker as jou lewe nie. 'n Rower gee nie om of jy leef of sterf nie. In 22% van alle rooftogte word iemand beseer en dis nooit die rower nie. | Moenie die rower **in die oë kyk** nie. |
| 11. Die tweede ding is: Val dadelik plat as jy iemand hoor skiet en bly op die grond tot jy seker is dat alle gevaar verby is. | Moenie **regop staan** as daar geskiet word nie. |
| 12. Onthou jy is nie *Superman* of *Superwoman* nie! | Moenie Superman / Supervrou probeer speel nie. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

DEPT. VAN ONDERWYS
2007 -03- 07
PRETORIA
DEPT. OF EDUCATION

## AFDELING C

## KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK

## VRAAG 5

## WOORDGEBRUIK EN WOORDSTRUKTURE

- Waar spelling mag varieer, mag die woord wat aangebied word, nie 'n ander betekenis hê nie.
- As die totaal 'n halfpunt insluit, **rond HIER af** tot die volgende heelgetal wanneer die punt oorgedra word na die buiteblad.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.1 | arms | spelling | s.nw. meervoud |
| 5.2 | koekies(mv.) | spelling | s.nw. verkleining in die mv. |
| 5.3 | besiger | spelling | b.nw. vergrotende trap |
| 5.4 | doodstil | spelling | b.nw. intensiewe vorm |
| 5.5 | ou | spelling | b.nw. attributief |
| 5.6 | slegte | spelling | b.nw. attributief |
| 5.7 | hom | spelling | woordkeuse: pers.vnw. |
| 5.8 | mooiste | spelling | b.nw. oortreffende trap |
| 5.9 | daarin | spelling | aanwysende vnw. |
| 5.10 | dronk | spelling | woordkeuse: kwasi-homofoon |
| 5.11 | sesde | spelling | rangtelwoord |
| 5.12 | vir | spelling | woordkeuse: voorsetsel |
| 5.13 | saans | spelling | woordeskat: taalidioom |
| 5.14 | TV | spelling (geen punte nie) | afkorting |
| 5.15 | etenstyd | spelling | samestelling |
| 5.16 | bestelling | spelling | afleiding: ww.→s.nw. |
| 5.17 | drinkgoed | spelling (mag afwyk) | woordeskat: een woord vir |
| 5.18 | ongesond | spelling (mag afwyk) | antoniem |
| 5.19 | soet | spelling (mag afwyk) | sinoniem |
| 5.20 | moeilik | spelling | woordkeuse: taalidioom |
| 5.21 | keer | spelling | woordkeuse: taalidioom |
| 5.22 | breek | spelling | woordkeuse:kwasi-homofoon |
| 5.23 | geëet | spelling | skryfteken: deelteken |
| 5.24 | raak | spelling | ww. in vaste verbinding |

(24 ÷2) **[12]**

DEPT. VAN ONDERWYS
2007 -03- 07
PRETORIA
DEPT. OF EDUCATION

## VRAAG 6

## SINSTRUKTURE

- Spel- en punktuasiefoute word nie gepenaliseer nie.
- Alhoewel die donkergedrukte gedeeltes op die taalitem en dit wat geassesseer word dui, moet die sin volledig wees om die punt te verdien.

| Vraag | Antwoord | Taalaspekte | Punte |
|---|---|---|---|
| 6.1 | ...**elke dag kaalvoet in die dorp**(1) rond. | **Tyd, wyse, plek**: aldrie moet vir een punt in korrekte volgorde wees | (1) |
| 6.2 | ...dus **brand die sand** (1) sy voet. | Vgw. 2 verbind twee sinne. Eerste ww. uit sin twee direk na vgw. | (1) |
| 6.3.1 | ..om (altyd) almal **te help**.(1) | Infinitief met **om** ...**te** + ww. | (1) |
| 6.3.2 | ...Trudie se motor **gee nie baie / geen** probleme **nie**. (1) | Dubbel negatief soos kommunikatief aangedui | (1) |
| 6.3.3 | ...**word gedra** (deur Trudie) (1) / **word** (deur Trudie) **gedra**. (1) | Lydende vorm: teenwoordige tyd: dra →**word** (...) **gedra** met hoofww. voor of na voorsetselgroep | (1) |
| 6.3.4 | ...**het** (1) Trudie **vergeet om petrol in te gooi**.(1) | Verlede tyd met **het** in tweede plek en **vergeet** sonder **ge-** **én voor die infinitief** | (2) |
| 6.3.5 | ...skoene **aan te trek**. (Sp.) (1) | Infinitief met **behoort** ...**te** + deeltjieww. as drie woorde gespel | (1) |
| 6.3.6 | ...dat **hy** (1) altyd kaalvoet **loop.** (1) | Dir.→ind.rede: vnw. **ek** →**hy** en **loop** aan die einde van die sin | (2) |
| 6.3.7 | ...Trudie raas **nie altyd / nooit** (1) met Jan **nie**. (1) | Negatief altyd →**nooit / nie altyd**...**nie** | (2) |
| 6.3.8 | ...**het** die honde (ook) agter op die bakkie **gery**. (1) | Verlede tyd met **het** in tweede plek en **gery** aan die einde van die sin | (1) |
| 6.3.9 | ...**sal / gaan** die honde (ook) vir vreemdelinge **blaf**. (1) | Toekomende tyd met **sal / gaan** in die tweede plek en **blaf** aan die einde van die sin | (1) |
| 6.4.1 | ...daarom **sal Jan** (1)haar nie weer help nie. | Vgw. 2 verbind twee sinne met eerste ww.uit sin 2 direk na vgw. | (1) |
| 6.4.2 | ...omdat hy kaalvoet **is.** (1) | Vgw.groep 3 met ww. van die tweede sin aan die einde van die sin | (1) |
| 6.4.3 | ...want **Trudie raas**(1) (so) baie. | Vgw.1 dus verander sin 2 se woordorde nie | (1) |
| 6.5 | **Gaan** (1) Jan / hy haar help? | Stelsin →vraagsin: begin met ww. | (1) |

**[18]**

DEPT. VAN ONDERWYS
2007 -03- 07
PRETORIA
DEPT. OF EDUCATION

## VRAAG 7

## KOMMUNIKASIE

- Kyk of die kandidate se reaksie op die situasie die **regte toon** kommunikeer.
- **Aanspreekvorme** moet korrek wees.
- Trek maksimum 1 punt af vir 2 of meer taalfoute.
- Dui spel- en leestekenfoute aan, maar moenie penaliseer nie.

7.1 Jy: Ouma en Oupa, vreeslik / baie dankie vir al die wonderlike geskenke!
Baie dankie, dit is geskenke wat ek graag wou hê.
Baie dankie, ek waardeer dit vreeslik baie.
Baie dankie. = 1 punt
(Of soortgelyk binne konteks) (2)

7.2 B / Kan ek asseblief 'n sakkie kry om my inkopies in te pak. (1)

7.3 A / Lekker om jou te ontmoet! (1)

7.4 A / Sjoe! Di lyk wonderlik! Baie dankie vir alles. (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**GROOTTOTAAL: 80**

DEPT. VAN ONDERWYS
2007 -03- 07
PRETORIA
DEPT. OF EDUCATION

Kopiereg voorbehou